

Lêerno.: 20/3/6/1/Kennisgewing van rooster aan skole  
Verwysing: 20220523-2386

Omsendbrief: 0022/2022  
Vervaldatum: 09 Desember 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Finale rooster en reëlings vir November 2022 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.*

**Onderwerp: Finale rooster en reëlings vir November 2022 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen**

1. 'n Afskrif van die **finale** rooster (**Bylae A**) vir November 2022 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens is ingesluit.
2. Volgens die rooster begin die eksamen amptelik op **Maandag, 31 Oktober 2022** en eindig op **Dinsdag, 06 Desember 2022**.
3. Die algemene assesseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) sal op **Maandag, 05 September 2022** geskryf word.
4. Die Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) se Vraestel 1 en Inligtingstegnologie (IT) se Vraestel 1 praktiese eksamens sal voor die amptelike begin van die eksamen op **25 en 26 Oktober 2022** onderskeidelik geskryf word.
5. Twee eksamensessies word vir elke dag beplan. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die middagsessie om 14:00.

6. Prinsipale moet alle voltydse kandidate wat die eksamen gaan skryf, inlig dat hulle die skooldrag moet dra tydens elke eksamen wat hulle aflê. Kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (14 Desember 2022) beskikbaar wees ingeval dit, om enige rede, nodig is om die aflê van 'n besondere eksamenvraestel te herskeduleer.
7. Let asseblief daarop dat die datums wat vir die voorbereidende eksamen aanbeveel word vanaf **Maandag, 12 September 2022**.
8. Gewone klasse moet tot **Vrydag, 21 Oktober 2022** voortgaan om so veel as moontlike onderrigtyd te verseker, en skole word aangemoedig om die ondertekening van die verbintenisoreenkoms en belofte vir die dag te reël.
9. U aandag word gevestig op die volgende belangrike verandering in die bestuur van kandidate wat 'n vakvraestel om enige rede tydens die eksamen misloop: hierdie kandidate sal in die daaropvolgende Mei/Junie-eksamen van die volgende jaar al die vakvraestelle vir daardie spesifieke vak moet skryf.
10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die NSS-eksamen in November 2022 af te lê.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2022-05-27